Publication: Huisgenoot
Title: EK WIL MY BLYPLEK VERHUUW HOE WERK DIE VERSEKERING
AVE: 116052.44
Page: 41
Publish Date: 09 December 2021
Author: LETITIA WATSON

RAAD

GELD-SAKE

EK WIL MY BLYPLEK VERHUUR; HOE WERK DIE VERSEKERING?

Deur **LETITIA WATSON**

ÁL MEER mense verhuur kamers in hul huise om hul lewenskoste te help dek. Of hulle verhuur hul huise of woonstelle as vakansie-verblyf op platforms soos Airbnb om 'n ekstra inkomste-stroom te skep.

Maar terwyl die ekstra rande welkom is, kan jy onverwagte onkoste op die lyf loop.

Ons kyk wat jy kan doen om seker te maak jy is teen skade gedek.

1 WAARTEEN BENODIG EK DEKKING?

Gesels jy met die eienaars van gastehuise of gesoute verhuurders, sal jy 'n paar rillerstories hoor oor mense wat nie noodwendig jou eiendom en besittings soos hul eie oppas nie. So kan versekering help:

- **Huisinhoud- en gebou-dekking** 'n Algemene verskynsel is dat byvoorbeeld meubels, elektriese ware en selfs skilderye gesteel of beskadig word. Teëls, vensters en deure kan gebreek word, en jy kan selfs brandskade ly.
- **Diefstal** Daar is ook die risiko dat jou betalende gas se besittings gesteel kan word tydens 'n inbraak.

In hierdie geval kan hulle moontlik van jou eis vir hul skade as jou sekuriteit onvoldoende was.

- **Aanspreeklikheid** As jou huurder byvoorbeeld oor 'n los teël struikel en seerkry, kan hulle mediese koste en selfs verlies van inkomste weens die besering van jou eis.

2 WANNEER MOET EK MY VERSEKERAAR INLIG?

Dit is jou verantwoordelik om die versekeraar te laat weet as jou risiko's verander.

- **Kamer in my huis** Die meeste persoonlike kort-termynversekeringspolisse dek net jou eiendom vir privaat gebruik. Al wil jy net een kamer verhuur, moet jou versekeraar ingelig word, maan Wynand van Vuuren van King Price Insurance.

Indien jou bestaande polis-voorwaardes dekking op verhuurde kamers uitsluit, is jy nie verseker nie. Jy kan dit egter aanvra.

Indien jy dit mag uitneem, sal die premie meer wees vir die verhuringstydperk omdat dit 'n bykomende risiko is. Hoeveel meer sal afhang van die waarde van jou huisinhoud en die veiligheid van jou omgewing.

Jy kan ook aanspreeklikheidsdekking bykomend uitneem. Maak eers seker of jy dit het; indien nié, kan jou polis aangepas word. Party polisse het wel verhuring as 'n outomatiese uitbreiding – dan is jy gedek.

- **Airbnb** Verhuur jy jou huis of 'n woonstel aan jou huis op Airbnb, sal jou versekeraar dit waarskynlik as 'n onderneming beskou, waarvoor jy kommersiële dekking benodig.

Airbnb bied 'n sogenaamde gasheerwaarborg en -versekering, maar dit dek net voorvalle wat direk met jou gas se verblyf verband hou. Jy moet steeds deur jou eie versekering reël vir dekking vir ander huisinhoud- en gebouskade.

- **Gastehuis** Sommige versekeringsmaatskappye bied op jou persoonlike huisinhoud-polis 'n opsionele gastehuis-dekking. Dis gewoonlik net beskikbaar as jy die gastehuis vanuit jou hoofhuis bedryf.

Die dekking is gewoonlik beperk tot die persoonlike eiendom van betalende gaste; en persoonlike regsaanspreeklikheid vir die polishouer. Vra jou versekering of jy net die opsionele dekking kan kry, en of jy sakedekking moet kry. Vra kwotasies by verskillende versekeraars aan en vergelyk die voorwaardes en dekking.

3 WIE IS AANSPREEKLIK AS 'N GAS SE BESITTINGS GESTEEL WORD?

As verhuurder behoort jy dekking te hê vir jou betalende gaste se besittings. Dié dekking word gewoonlik beperk tot 'n vooraf bepaalde waarde, byvoorbeeld R2 000 of 2% van die versekerde bedrag.

Daar is egter polisse wat dit uitsluit. Jy kan dus in die huurooreenkoms noem dat dit spesifiek aanspreeklikheid vir enige verlies van of skade aan die huurder se eiendom uitsluit.

Onthou ook dat versekeraars meestal net diefstal-dekking uitbetaal as daar duidelike tekens van inbraak is, soos gebreekte vensters en deure.

Gaan ook jou polis na en kyk wat die vereistes is. As alarms en diefwering vereistes is en die alarm was af, of jy het nie diefwering nie, het die versekeraar goeie rede om die eis te verwerp.

4 WAT AS EK MY EIENDOM VERHUUR, MAAR DIE HUISINHOUD IS NIE MYNE NIE?

Huisinhoud moet verseker word deur wie dit besit, sê Wynand. As jy net die gebou verhuur, moet die huurders hul eie huisinhoud en draagbare besittings verseker.

As jy 'n gemeubileerde woonstel verhuur, moet jy dekking vir die gebou en die meubels uitneem. Verseker jou besittings teen die regte vervangingswaarde: "oud vir nuut".

Dus, jou dekking moet genoeg wees om 'n item teen die jongste koopprys te vervang, nie vyf jaar gelede se prys nie. ❑

WENK

Woon jy in 'n kompleks? Maak by die beheerliggaam seker of die reëls jou toelaat om jou meenthuis as 'n Airbnb te verhuur.

KRY NOG RAAD

- Gaan na versekeringsmaatskappye se webtuistes vir inligting en wenke.
- Die ombudsman vir korttermynversekering: osti.co.za of 0860-726-890

Full Page Image

www.novusgroup.co.za | Tel: 011 568 3337 | clientservice@novusgroup.co.za | Copyright Novus Group (Pty) Ltd.